# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 | Januarie 1997 | Vol. 24

## VERWYFDE TEOLOGIE

### *Die weduwee wat nie huil nie*

Aanval, inval, omval. Dis die drie stadiums waarin die feminisme die kerk wil vernietig. Vir baie gereformeerdes is feminisme ten regte 'n onding, manshaters en tierkatte staan hulle nie aan nie. Tog is die gevaar daar dat ons dink dat die feminisme so belaglik radikaal is dat ons die subtiele inval in die kerke nie raaksien nie. En dink dat die feminisme geen invloed op die gereformeerde teologie en kerke het nie.

### Die aanval

Feminisme gaan oor veel meer as 'n geveg om die gelykheid van die geslagte, diskriminasie of dat mans sogenaamd met die vroulike kant van hulle bestaan in aanraking gebring behoort te word, of dat God die Vader 'n vrou genoem word. Feminisme gaan ten diepste oor 'n manier van verstaan (hermeneutiek) van die wêreld en dan ook die teologie. Feministiese teologie is een aanvalswapen van die breë stroom van feminisme. Daar is openlike heidense feministe, maar ook dié wat hulle met die teologie en die kerk wil besig hou om alle "onderdrukking" daar uit te roei. Wanneer dit by feministiese teologie kom, moet onthou word dat daar selfs mans is wat feministe is. Saam met die bogenoemde feministiese aanval op alles wat die vrou wil onderdruk, het hierdie teologie twee ander duidelike kenmerke.

### ★ Geen belydenis

Ten eerste is daar 'n afkeer en afbraak van enige dogma, leerstellings en geloofsbelydenisse. By die feministe soek jy verniet 'n belydenisskrif. Hulle wil heeltemal ongebonde leef - allermins aan 'n belydenis.

### ★ Geen gesag

Tweedens het hulle 'n obsessie met emosies en interpersoonlike verhoudings. Dit is 'n voel en vat gevoelsteologie. Tastend gaan hulle verder, en alles mag bevoel en bevat word. Van onderwerping aan enigiets behalwe hoe die individu oor 'n saak voel, is by hulle geen spoor te vind nie. Gesagsaanvaarding is vir hulle die bose self. Geen gesag behalwe wat jy self goedkeur en daarstel nie.

### Die inval

Die kerke moet hulleself verantwoord oor hierdie heidense, feministiese aanval. Die liberale teologie het onwetend lankal die handdoek ingegooi en in die sagte, dodelike, verleidelike arms van die femistiese teologie geval. Tans werk die liberale teologie hard om die feminisme te verfyn en die gif in kleiner dosisse aan die kerk deur te gee.

Die gevaar dat die gereformeerde teologie in die slaggat trap om beïnvloed te word deur die feminisme, is nie denkbeeldig nie. Die hele geskarrel rondom die vrou in die leeramp in die gereformeerde kerke kom uit die invloed van die feminisme. Daar is diegene in die kerk wat ten alle koste op die aanvalsvrae van die feminisme ontkennend wil antwoord. As hulle vra: "diskrimineer julle teen Die Vrou?" moet die antwoord

*In hierdie uitgawe:*

★ VERWYFDE TEOLOGIE
A.L.A. Buys ..... 1

★ Skrifoordenking:
WAT IS WAARHEID?
Dr. C.F.C Coetzee ..... 3

★ PROPAGANDA TEEN DIE KERK
Ds. H.W. van der Walt ..... 5

★ HUWELIKSWETTE VAN CALVYN VIR GENEVE
J.R. Watt ..... 7

★ DIE SELGEMEENTE: KERKVORM VAN DIE 21e EEU?
Prof. L. Floor ..... 9

wees: "Nee, ons het die vrou in die amp". 'n Teologie wat die huidige kultuur wil akkommodeer en nie wil reformeer nie, het al sy manlike krag verloor. Dit is om 'n verwyfde teologie te laat gedy.

### Die omval

Verwyfde teologie, as 'n gevolg van die beïnvloeding van die feministe, lei tot 'n verwyfde kerk. 'n Verwyfde kerk een is waar daar geen gesagsorde is nie, omdat daar geen leierskap van God meer erken word nie. En hoe kan 'n verwyfde kerk kragdadig optree teen die post-moderne feministiese kultuur? As die kerk verwêrelds het, wat het die kerk nog vir die wêreld te sê wat uniek is? Hierdie mense in ons kerke wat so feministies bekommerd is oor die vrou in die leer-amp, moet weet dat hulle die verwêreldliking van die kerk aanhelp met 'n verwyfde teologie.

### Gesag, nie geslag

Die kern van die saak is eenvoudig. Dit gaan nie oor geslag nie, maar oor gesag. Onder wie se gesag val die kerk? Christus of die wêreld s'n? Nog nooit was die ware kerk vir die wêreld aanvaarbaar nie. En die feminisering van die gereformeerde kerke sal die kerk ook nie meer aanvaarbaar maak vir die wêreld nie. Inteendeel, al wat gaan gebeur is dat die kerk gaan ophou om kerk te wees. As die kerk nie meer die gesag van Jesus Christus verkondig nie, wat het van ons uniekheid geword? 'n Gefeminiseerde evangelie is geen evangelie meer nie.

### Die uitval

Die feminisme haat die Calvinisme (ware Calvinisme, nie hierdie "reformatoriese" verwatering wat tans in omloop is nie) meer as enigiets anders. Met reg ook. Die twee is onversoenbaar. Calvinisme bely God as soewerein oor alles. Calviniste bely dat alles en almal onder die gesag van Christus staan - en dit sluit mans en vroue in. Dit gaan dus om Christus se gesag en allermins oor geslagtelike gelykheid. Calvinisme soek 'n uitval met die feminste. Ons is nie skugter vir 'n geveg nie, anders as die verwyfde teoloë wat met ballerinaskoentjies katvoet skuifel al om 'n direkte konfrontasie met die feminste. In plaas daarvan dat ons kerke moet probeer bewys hoe liberaal ons is (deur aan alle feministe met trots te sê: ons diskrimineer darem nie meer nie), moet daar 'n teenaanval kom.

Die feministe moet hulle verantwoord hoekom hulle Christus se gesag in hulle geslagsdebat nie erken nie. Draai die vraag om. Laat hulle antwoord. Die kerk hoef nie in die beskuldigdebank te staan nie.

### Die weduwee

Die feminisme is die voorloper van die groot Babilon, die hoer van Openbaring, wat Christus se gesag probeer vermy en ondermyn. In Open. 18:7 staan dat die vrou, die groot stad, die anti-christelike wêreldmagte, geoordeel sal word. En die rede is: "omdat sy in haar hart sê: ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie, daarom sal haar plae op een dag kom". Hierdie vrou wat sonder 'n man aanmekaar hoererend wil leef, staan in skril kontras met die vrou van Christus, sy Bruid - die kerk. Vir die kerk is God die Vader haar man (Jes. 54:5). Sy staan onder sy gesag, Hy beskerm en versorg haar, en sy aanbid hom in onderwerping. Babilon is 'n weduwee omdat sy van die gesag van God wil ontsnap, maar die tragiek is dat sy dit nie eers aan haarself erken nie: ek is geen weduwee. En sy het geen droefheid oor haar stand en stank nie: droefheid sal ek nooit sien nie.

Wat wil ons wees - Babilon of Bruid? Onderwerp of verwerp. Daar is maar een uitkoms, om nederig onderwerpend te smeek om genade in die veilige arms van Christus, om Jesus, die man, in die geloof te omhels, Hy wie God die Vader aan almal openbaar. Waar Christus se gesag vervang wil word met allerlei ander sake moet daar noodwendig 'n omkering in die teologie en kerke kom.

As ons hierdie feministiese invloed op die gereformeerde teologie nie raaksien en uitgooi nie, lei die pad na 'n afgrond:
- Ons gaan al meer intellek inruil vir emosie. Hoe baie hoor ons nie al die argument: ek dink, eintlik word bedoel "ek voel", die Here gaan nie omgee hieroor of daaroor nie, ten spyte van wat sy Woord sê.
- Ons gaan geloofsbelydenisse omruil vir sielkundehandboeke, ons teologie gaan 'n menseverhoudingkursus word.
- Die kerk gaan sy daadkragtige calvinistiese manlikheide (1 Kor. 16:13) verruil vir die gemors van gesentimentaliseerde verwyfdheid.

Die moderne feministiese kultuur moet gereformeer word. Dit moet sterf. Dit moet na die doodskruis van ons Here. Dit moet onderwerp word aan Christus.

En ons, die Calviniste, moet deur die werking van die Heilige Gees manmoedig die pad weg van die afgrond aandui. By ons mag dit nie gevind word dat vrouens sugtend is in ontevredenheid met hulle amp as vrou nie. Ja, dit is 'n amp. Die vrou is in die amp, nie net as gelowige nie, maar spesifiek as vrou. Die man kan nie haar amp vir haar nakom nie, sy moet dit self doen, dit moet haar eer wees. Selfs die engele kyk na haar (1 Kor. 11:10). As sy haar aan Christus onderwerp, sal sy ook haar volle dienswerk vir Christus kan nakom. Sy mag nie begeer nie, ook nie die man se amp nie. Dit is nie skeppingsmatig aan haar gegee nie. Haar amp is egter nie minderwaardig nie. Haar amp is gelyk aan dié van die man, maar anders. Sy moet haar eie amp begeer om dit te doen. Daarvoor het God haar gered.

Maar ook die mans moet ophou om so skaam te wees om mans te wees. Kragdadige leiding, liefdevolle beskerming, vindingryke leierskap is wat hierdie kultuur kortkom. Ons moet die verbondsorde wat God ons in sy skepping en Woord leer, uitleef en jubelend bely. Die man mag egter nie oor sy vrou heers nie, sy is nie 'n dier om te beheers nie, soos wat God die mense oor die diere in Genesis beveel. Gesag en heers is twee verskillende dinge. Die man ontneem niemand iets as Hy as hoof optree nie. Inteendeel, die man sondig as Hy voor God nie sy amp nakom waarvoor God hom juis gered het nie.

Dit is ons taak as mans en vroue - die Bruid van Christus. Dáár lê ons roeping. Nie om die feministiese vrae te antwoord nie, maar om God se Woord te antwoord. Soveel skade is alreeds aangerig, nie soseer deur die aanval van die feminisme nie, maar deurdat die kerk self deur die wêreld verlei is om as mans en vroue ampsontrou op te tree. Die kerk kan naderhand heeltemal omval voor die feministe. Daar is werk. 'n Hele Babelse verwarde samelewing moet gereformeer word. As die Bruid van Christus deel ons in sy oorwinning oor die dood. Ons durf dus nie terugdeins vir hierdie groot roeping nie. Ons sal nie beef of rugwaarts gaan.

**A.L.A. Buys**

* * * * *

## SKRIFOORDENKING:

## WAT IS WAARHEID?

**Teks: Joh. 18:37, 38a:** ***"Pilatus sê toe vir Hom: Is u dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem. Pilatus sê vir Hom: Wat is waarheid?"***

Wat is waarheid? Dit is vreemd om hierdie vraag te hoor uit die mond van 'n Romeinse regter, die een persoon wat juis die waarheid moes geken en gehandhaaf het. Pilatus het ook nooit gedink dat hierdie vraag van hom nog 'n beroemde vraag sou word, sou naklink tot vandag toe nie, dat geleerde mense in hulle sondedwaasheid hulle daarmee sou besig hou nie. Hy het nie besef dat die antwoord op hierdie vraag die verskil beteken tussen lewe en dood nie. Hy het nie geweet dat die Waarheid in lewende lywe voor hom staan nie: Jesus Christus. Ons sien dit alles uit die feit dat hy nie eers wag op 'n antwoord nie. Hy het hierdie vraag gevra as 'n vraag in die wind, met minagting, met 'n ophaal van die skouers. Dit is sy manier om die gesprek met Jesus te beëindig, te kenne te gee dat sy verhoor verby is. Daarom stap hy dadelik uit na die Jode om sy bevinding te gee. So eindig Pilatus se ontmoeting met die Verlosser van die wêreld.

### Geen wêreldse koningskap

Sy verhoor het begin met die vraag aan Christus, na aanleiding van die beskuldiging deur die Jode: Is U die Koning van die Jode? Waarop Christus aan Pilatus verkondig dat sy Koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. Pilatus hoef nie bang te wees dat Hy gekom het om met politieke middele en militêre geweld 'n opstand teen die Romeinse owerheid te lei nie. Christus sê dus dat Hy wel Koning is, maar sy Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. En soos 'n goeie advokaat of regter trek Pilatus in ons teksvers die konklusie: Is U dan tog 'n Koning? Christus antwoord bevestigend as Hy sê: U sê dat ek 'n Koning is. En dan gaan Hy voort om sy Koningskap en Koninkryk verder te kwalifiseer. Dit is 'n Koninkryk van die waarheid. Hy moet oor die waarheid getuienis aflê. Sy hele lewe en werk trek saam in hierdie twee begrippe: Waarheid en getuienis. Hy sê dit self: Hiervoor is Ek

gebore en hiervoor het Ek na die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Op die drumpel van die doodsnag gryp Hy hier terug na die Kersnag, toe Hy as Koning begroet is deur die hemelese leërskare en die herders in die velde van Betlehem en die wyse manne uit die ooste, die Woord wat vlees geword het en onder ons gewoon het sodat ons sy heerlikheid kon aanskou, die heerlikheid soos van die eniggeborene wat van die Vader kom, vol van genade en waarheid.

## Christus as enigste waarheid geopenbaar

Ons kan dit ook anders stel: Hy het gekom as God geopenbaar in die vlees. Die waarheid wat Hy kom getuig, is die ware kennis van God. In Joh. 14 waar Hy Homself verkondig as die weg en die waarheid en die lewe, sê Hy ook dat wie Hom gesien het, het die Vader gesien. En in dieselfde hoofstuk beloof Hy die Heilige Gees wat ons sal lei in alle waarheid. Die waarheid is die geloofskennis van die Drieënige God as die enige ware God van hemel en aarde. Dit is die kennis van sy regverdige oordeel oor die sonde, sy ewige toorn en straf. Maar dit is ook die kennis van sy oneindige liefde en vrymagtige genade in Jesus Christus waardeur Hy sondaars wou verlos. Christus het self gekom om daarvan te getuig. Maar Hy is Self ook die openbaring van God. Hy het dit gedoen in woord en daad. Wat Hy hier aan Pilatus sê, sou Hy nog dieselfde dag bevestig. Die antwoord op Pilatus se vraag vind ons in die kruisdood van Christus, in sy lyde en sterwe. Die woord getuie beteken in die oorspronklike taal "martelaar". Christus het in sy lyde en sterwe getuig van die waarheid van God se oordeel en straf én van God se liefde en genade. Hy het deur sy dood die vader van die leuen oorwin en vernietig. Hy het deur sy dood die waarheid laat seëvier dat God alles is in almal, bewys dat Hy koning is van die waarheid.

## Dwaling

En ons het hierdie waarheid in sy Woord. Hy sê dit self in Joh. 17: U woord is die waarheid. Ons leef in 'n wêreld waar hierdie waarheid al hoe meer gerelativeer word; waar ons dit vandag al hoe meer hoor: Wie sê dit is net Christus wat verlos? Dit kan netsowel ook Boeddha of Allah wees. Ons land is op die oomblik in die greep van die ergste dwaling van godsdiensgelykheid in ons geskiedenis. Daar word gesê dit is in hierdie tyd van versoening en menseregte verwaand om te sê die christendom het alleen die waarheid. Teoloë van kerke van gereformeerde belydenis verklaar openlik dat die Bybel nie noodwendig die enigste waarheid is nie, dat dit maar gelyk staan met ander godsdienstige literatuur, dat dit nie die onfeilbare Woord van God is nie maar die ervaring van mense. En vanuit hierdie standpunt word dan gepleit vir verdraagsaamheid teenoor die ander godsdienste ter wille van die eenheid in die nuwe Suid-Afrika.

## Is dít liefde?

Ons doen niemand 'n guns deur die waarheid te relativeer nie, deur die belydenis van Christus as enigste Verlosser te verswyg en die gesag van sy Woord te bevraagteken nie. Sodoende hou ons mense weg van die waarheid, weg van die ewige saligheid. Sodoende maak ons enige sending en evangelisasie kragteloos.

## Getuienis van die waarheid

Hierteenoor sal ons meer as ooit bereid moet wees om op te staan vir ons belydenis, om ons kleur as Christene te wys, om die waarheid te bely. Christus sê: Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem. Sy stem is sy woord. Dit beteken dat elkeen wat na sy Woord nie luister nie, dit verwerp of daaraan ongehoorsaam is. Hulle bly vra soos Pilatus: Wat is waarheid? Maar elkeen wat uit die waarheid is, luister na sy stem. Dit beteken hulle volg Hom, hulle gehoorsaam Hom. Die waarheid is hulle vaste anker. Dit is die verskil tussen christelike wetenskap en nie-christelike wetenskap, tussen christelike onderwys en nie-christelike onderwys, tussen christelike politiek en nie-christelike politiek, ens. Die een het die waarheid en die ander nie. Die christen bely sy Naam op elke terrein en buig voor die gesag van sy Woord alleen. ook al kos dit lyde en smaad, bespotting en verwerping. Wie aan Christus behoort, moet dit verwag. Die waarheid seëvier deur stryd heen. So was dit met Christus Self. Om vir die waarheid te getuig beteken ook om vir die waarheid te ly. Maar dit beteken ook om met die waarheid omgord te wees. Christus het oorwin deur te sterf.

## Waarheid bring vryheid

Maar hulle wat vir Hom getuig mag ook vashou aan sy belofte: As julle in my Woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.

**Dr. C.F.C. Coetzee, Potchefstroom**

*****

# PROPAGANDA DEUR MIDDEL VAN DIE KERK

Selfs in die sogenaamde "post-christelike" tydperk is die kerk van enorme groot waarde as instrument van propaganda. Die "kerk" het, al is dit meer formeel, tog in 'n mate 'n gewetensfunksie vir die gesekulariseerde mens geword. Daarby bereik prediking al die gelowiges wat andersins nie deur die sogenaamde "sekulêre media" bereik kan word nie. Met almal wat deur kerklike optrede geraak word in berekening gebring, is dit duidelik dat die kerk by uitstek 'n medium vir propaganda kan wees.

## Politieke propaganda

Dit is op die gebied van politieke propaganda wat die kerk sy besondere geskiktheid vir propaganda toon. In die artikel word gekonsentreer op Marxistiese en Neo-Marxistiese propaganda wat onder andere by wyse van die Wêreldraad van Kerke (WRK) en die Bevrydingsteologie deur middel van kerke verkondig word.

## Wêreldraad van Kerke

Aanvanklik is daar, volgens die aard van kommunisme, uit die Sowjet Kommunistiese Party se geledere baie weerstand gebied teen die WRK. In 1961 word die Russiese Ortodokse Kerk egter toegelaat om lid te word van die WRK. Hierdie ooglopende verandering in die beleid van die Kommunistiese Party is beduidend. Die verklaring is eenvoudig. Onder leiding van Metropolitaan Nikodium is die kommuniste daarop gewys dat, met behulp van die sogenaamde Derde Wêreld-kerke, daar 'n groot meerderheid in die WRK verkry kan word, en wel teenoor die afgevaardiges van die "kolonialiste".

Deur die toetrede van die Russiese Ortodokse Kerk is 'n reeds verdagte organisasie (t.o.v. manupilasie in die godsdienstige wêreld), verander na 'n frontorganisasie vir Sowjet strategie. So word die WRK ook kommunistiese propaganda-medium *par excellence*. Deur op die gevoel en gewetens van sommige Christene te speel, deur die swart-wit spannings en tema van klassestryd te ontwikkel, is simpatie vir rewolusionêre organisasies geskep. 'n Spesiale mandaat is aanvaar waardeur kerke opgeroep is om "agente vir radikale rekonstruksie van die samelewing" te word. Ook 'n spesiale fonds vir "die bestryding van rassisme" is gestig, wat organisasies soos FRELIMO, MPLA, SWAPO en die ANC direk of indirek bevoordeel het. Intussen het al meer sosialities-gesindes in die Westerse kerke na vore getree. Selfs die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) het aanvanklik die WRK se houding ten opsigte van politieke aksie afgekeur. Later het die SARK egter sy plek naas, (of as instrument onder) die WRK ingeneem wat hierdie houding betref.

Die tipiese (Neo)-Marxistiese temas van die klassestryd, die twee-kampe-samelewingsvisie van onderdrukker/onderdrukte, tiran/meerderheid, bevoorregte/voorregloses, geweld/selfregverdiging, strukturele geweld/reaksionêre geweld, ensovoorts het ook al meer in die plaaslike teologie in Suid-Afrika vergestalting gevind.

Gepaard met genoemde temas word 'n selektiewe liefde vir die proletariaat, die werkersklas en armes verkondig. Hierdie temas word soos 'n refrein in die preke en ander teologiese optredes herhaal. Alles in die kader van die sogenaamde "stryd vir vryheid". Die Christelike leer word met 'n nuwe inhoud gevul, terwyl die uiterlike nog iets "christeliks" vertoon.

Voorbeelde van selektiewe gebruik (d.w.s. misbruik) van die Evangelie, asook kenmerkende (Neo)-Marxistiese retoriek in Suid-Afrikaanse konteks is volop.

## Die Suid-Afrikaanse konteks

Die Kairos-dokument is waarskynlik die bekendste voorbeeld van sodanige propaganda in Suid-Afrika. Groot klem word geplaas op die onderskeiding tussen die onderdrukkende "minderheid" en die lydende of onderdrukte "meerderheid". Selfs die God van die regering word onbeskaamd afgemaak as 'n "afgod" en die "anti-chris". In wese

beteken dit dat die God "van die Skrif" alleen vir die armes, die onderdruktes, opgeëis word. Die onderdrukker kan slegs radikaal verander deur die struktuur te verander. In wese beteken dit dat die vyand onbekeerbaar is, en dat liefde selektief gefokus word op die onderdrukte.

Dieselfde refrein word gehoor in gepubliseerde boeke van sogenaamde Swart en Bevrydingsteoloë. Die rewolusie word verkondig, al is dit met die behoud dat "ons nie met wapens wat doodmaak nie" moet veg: "Ons moet probeer om maniere te vind om die geweldsiklus te breek. Maar mense wat so praat moet gewillig wees om deur die rivier van bloed te gaan en langs die ander te veg sonder wapens wat doodmaak. Hulle moet gewillig wees om op 'n baie tasbare manier op hulleself die las van die onderdrukte te neem en om te sterf ter wille van ander... As jy nie bereid is om dit te doen nie, moet jy nie sku wees vir dié wat midde-in geweld is nie". (Allan Boesak in sy artkel: At the Apocalypse: the South African Church claims its Hope, 1989).

Self distansieer Boesak hom egter nooit van die gewelddadige rewolusionêr nie, en hy is gewoonlik aan die voorpunt van openbare optredes aan die sy van rewolusionêres. Burgerlike ongehoorsaamheid is propagandisties van aard. Só is dit met betoging in die algemeen. Die rewolusionêre boodskap in sodanige optredes vind ondersteuning in die feit dat die individu se verantwoordelikheid op die groep oorgedra word. Op dié wyse word dan altyd 'n deur vir gewelddadige optrede oopgelaat.

In sy artikel (When violence begets violence - is the armed struggle justified? 1990) regverdig Villa-Vincencio rewolusie as reaksie op strukturele geweld of te wel staatstirannie. Volgens Villa-Vincencio staan die Kairos-dokument in 'n lang teologiese tradisie, wat verby die naïwe verwerping van alle geweld beweeg het.

'n Groot verskeidenheid programme en agendas vir kerklike optrede in die "vryheidstryd" bestaan wel. Juis ten opsigte van geweld is hierdie werke gewoonlik ten minste vaag en meer dikwels regverdigend. In elk geval word (Neo)-Marxisme onder die waan van die Evangelie verkondig.

## Die SARK

Die kerk word dikwels as gesagvolle spreekbuis misbruik om vir die kommunistiese en sosialistiese ideologie die saak van onder meer die ANC te bevorder. Die "kerke" lewer byvoorbeeld pleidooi vir ekonomiese sanksies, aktiewe non-koöperasie, met beroepe op die wêreldgemeenskap soos die VVO vir hulp aan die vryheidstryd. Die SARK word veral vir hierdie doel gebruik. Tingle betwyfel dit sterk of die SARK se beleid dié van sy lede op grondvlak weerspieël. Hiermee saam dui die SARK-befondsing en besteding van geld dat die SARK nie die tradisioneel christelike karakter dra wat dit behoort te dra nie. Die Eloff-kommissie het byvoorbeeld bevind dat in die tydperk 1975-1981 slegs drie persent van die SARK se jaarlikse inkomste van lede afkomstig was, terwyl van die totale inkomste 'n blote een-en-'n-half persent aan evangelisasie en sending bestee is. Die grootste uitgawe het gegaan aan politieke drukgroepe en aksies met 'n politieke strekking. En dit is waartoe die boodskap van die kerk deur die SARK verskraal is - die politieke stryd teen die "onderdrukker".

## Misbruik van liturgie

Selfs die liturgie van die kerk word ingerig om propaganda te dien, waarvan oproepe vir liturgiese vernuwing in Uppsala (1968) waarskynlik 'n simptoon is. Spoelstra het in 1992 gesê dat die WRK die krag van die liturgie om die ideale van demokratisering en sosialisering te bereik, begryp het. Liturgie is 'n kragtige middel om oortuigings te verander en godsdienstige gedrag te vorm. Hierin speel herhaling inderdaad 'n groot rol. In lyn met die poging om die liturgie meer effektief (propagandisties gesproke) te gebruik, is daar reeds 'n handleiding opgestel - die Kairos Liturgies. Prakties uitgespelde riglyne word hierin gegee vir die "transformasie" van liturgie. Die liturgie moet in diens gestel word van 'n bepaalde boodskap. By elk van die liturgiese elemente word voorbeelde gegee wat gepas is: moontlike prediking, Skrifgedeeltes, Psalms en selfs gebede. In een preek (Southern Transvaal Kairos Liturgy Group, 1986) word verkondig dat Jesus gearresteer was deur die polisie van sy tyd, dat Judas 'n informant was, en Jesus van verraad aangekla was. Daarby was daar staatsgetuies in Jesus se verhoor, Hy was nie bang vir die regter nie, byna al sy aanklaers was godsdienstige mense, en Hy was tot die doodstraf gevonnis. Hiermee gaan dan die ander gepaste elemente van die liturgie saam, onder andere die gebed dat God nuwe krag sal gee in die stryd vir geregtigheid, vryheid en vrede.

Deur so 'n standaard van voorgestelde riglyne vir liturgie kan dieslefde boodskap oor en oor, en oral in die land gehoor word. Dieselfde tema hoef dan net met verskillende variasies aangebied te word.

## Misbruik van konferensies

Behalwe deur die pers (waarvan boeke en koerante soos "The New Nation"), en behalwe die gebruik van liturgie, word daar ook van konferensies gebruik gemaak. Hierdie konferensies is veral geskik om teëstanders bloot te stel aan die propagandaboodskap. Verder word die assosiasie met so 'n geleentheid maklik misbruik, terwyl op akkommoderende wyse van die saamvaartegniek gebruik gemaak word.

'n Voorbeeld van 'n konferensie waar die blote teenwoordigheid van prominente figure misbruik is, is die Nasionale Konferensie van Kerkleiers in Suid-Afrika, in November 1990, en wel op Rustenburg. Ná hierdie konferensie is die sogenaamde "Rustenburg Deklarasie" die wêreld ingestuur. Reeds volgens die naam van die konferensie kan enigiets wat hieruit voortkom, as in 'n groot mate outoritêr in die gedagtes van mense aanvaar word. Mense kan mislei word om te dink dat die meeste kerke in die land daar teenwoordig was. Die Deklarasie was nie op behoorlike konvensionele wyse deur die konferensiegangers aanvaar of goedgekeur nie. Daarby het dit duidelik geword wat die aard van die konferensie was toe 'n voorstel om die aborsie-vraagstuk te bespreek, van die hand gewys is. Daarteenoor word wel in die deklarasie gevra dat kerke aandag gee aan onder andere regstellende aksie met betrekking tot vroueregte asook die vigskwessie. In hoofsaak bestaan die deklarasie egter uit skuldbelydenis ten opsigte van apartheid, met 'n bevestiging wat per volume bladsye 'n geweldig hoë persentasie sosialistiese inhoud het.

Dit verg nie 'n kenner om die propagandistiese waarde van die kerk raak te sien nie. Tog word die gelowige soms op naïwe wyse 'n slagoffer of instrument van propaganda. Hierteen moet die kerk waak. Die Evangelie sluit propaganda uit, en waar propaganda voorkom, moes die Evangelie daarvoor plek gemaak het.

**Ds. H.W. van der Walt (Uit Th.B skripsie)**

* * * * *

## HUWELIKSWETTE VAN CALVYN VIR GENEVE

Calvyn se bydrae tot die reg is grootliks verwaarloos. Calvyn het egter meer formeel in die regte opleiding gehad as in teologie en hy het waarskynlik die beste regsagtergrond gehad van al die hervormers. Dit is besonder belangrik om die huwelikswette te ondersoek wat Calvyn vir Genève opgestel het. Terwyl die meeste inwoners destyds min geweet het van Calvyn se leerstellings oor die nagmaal en uitverkiesing, kon hulle nie die vereistes aangaande die huwelik vermy nie. Aangesien die Rooms-Katolieke Kerk vir eeue die wette vir Europese huwelike bepaal het, moet ons Calvyn se wette vergelyk met die Roomse kerkwet. Calvyn was nie die eerste hervormer om oor die huwelik te skryf of om wette daaroor te maak nie; daarom moet sy huwelikswette in breër konteks geplaas word binne die bydrae van die ander hervormers.

Die edikte wat Calvyn in 1545 opgestel het, is wesenlik identies aan dié wat in 1561 deur die Geneefse regering aangeneem is. Waarom het die Stadsraad so lank geneem om Calvyn se voorstelle te aanvaar? Die mees waarskynlike antwoord is dat Calvyn se onbuigbare oortuigings veroorsaak het dat die Geneefse magistrate twee keer gedink het voor hulle sy voorstelle goedgekeur het. In elk geval, die hoofsaak van Calvyn se huwelikswette was reeds in gebruik lank voor 1561 - die magistrate wou klaarblyklik eers die nuwe wette 'n paar jaar toets voordat hulle hulle aan Calvyn se ordonnansies verbind.

Ná Calvyn se terugkeer uit Straatsburg in 1541 het die toesig oor huwelike onder die Klein Raad en die Konsistorie geval ('n soort morele raad saamgestel deur herders en ouderlinge en wat deur Calvyn gedomineer is). Die Konsistorie het allerhande soorte besware aangehoor insluitende vrae met betrekking tot huwelike, egskeidings, kontrakte en polisie-optrede teen huismoles en onwettige skeiding. Die Konsistorie het dikwels jeugoortreders gesensureer en verbied om nagmaal te vier, maar kon geen ander strawwe oplê nie. Enigiemand wat strawwe verdien het, is verwys na die Klein Raad saam met die Konsistorie se opinie oor die aangewese optrede. Dit was immers die Klein Raad wat die finale sê gehad het oor egskeidings en kontrakbreuk-gevalle.

## Nie sakrament

Aangesien die Roomse kerkwet die huwelik as 'n sakrament beskou, het die Rooms-Katolieke Kerk geredeneer dat dit alleen gesag het om huwelike te beheer en wette daaroor te maak. Alle hervormde magistrate het ontken dat die kerk die grootste rol speel in die beheer van huwelike, primêr omdat hulle geglo het dat alhoewel die huwelik heilig is, dit nie 'n sakrament is nie.

Die eerste deel van Calvyn se ordonnansies handel oor die totstandkoming van die huwelik. Hier verwerp Calvyn die geheime huweliksluitings wat vir eeue as geldig aanvaar is deur die Roomse. Die Rooms-Katolieke leer oor hoe 'n huwelik tot stand kom, is in die twaalfde eeu vasgestel toe Pous Alexander III (1159-81) 'n dekreet uitgevaardig het dat die huwelik teoreties onontbindbaar was van die oomblik dat ingewillig is, maar nog nie volmaak is totdat seksuele eenheid plaasgevind het nie. 'n Belangrike vertakking van hierdie teorie was dat daar nie 'n publike seremonie of getuies hoef te wees vir 'n verlowing ten einde 'n wettige huwelik te hê nie. Dit is weliswaar sonde om te trou sonder om die huweliksgebooie publiek te maak of sonder die seëning van die priester, maar alhoewel oortreders onderwerp is aan die geestelike strawwe, was die huwelik tog geldig. Verder was die ouderdom wanneer iemand 'n wettige kontaktuele huwelik kon sluit, 14 jaar vir seuns, en 12 jaar vir dogters. Op dié ouderdomme kon tieners bindende kontraktuele huwelike sluit sonder toestemming van hulle ouers.

## Geheime huwelike

Calvyn was gekant teen geheime huwelike en wel om 'n paar redes. Protestantse hervormers het geredeneer dat sulke huwelike die gebod om jou ouers te eer, verbreek. Calvyn het voorgestel dat mens nog toestemming nodig het om te trou totdat 'n man 24 is en 'n vrou 20. Calvyn was egter meer patriargaal as bv. Luther en Zwingli, aangesien hy daarop aangedring het dat die vader toestemming gee en nie die ouerpaar nie. Om regskomplikasies te vermy, het Calvyn aangedring op getuies by verlowings om seker te maak dat albei partye ingestem het.

Soos in alle protestantse kwessies het Calvyn ook daarop gestaan dat die huweliksgebooie loop - aankondigings moes op drie verskillende Sondae in die kerk gemaak word om te verseker dat daar geen besware teen die huwelik is nie. Dit was besonder belangrik om te weet of een van die partye alreeds getroud was - magistrate wou bigamie vermy. Daar moes ook vasgestel word of die partye nie te naby familie was om te kan trou nie. Calvyn het nie die alte streng Roomse siening gehuldig nie, maar by Lev. 18:18 volstaan. Die verbod dat mense wat saam egbreuk gepleeg het verhinder word om later te trou, is uit die Roomse kerkreg oorgeneem.

Calvyn het dit ook by die Roomse oorgeneem dat die huwelik bindend is, nie net vanaf die huwelik nie, maar reeds vanaf die oomblik van wedersydse instemming. Calvyn het ook gestel dat daar twee stadiums was in die vorming van 'n huwelik - verlowing en huwelik. Anders as die Roomse het Calvyn geleer dat die huwelik voltrek is nie by samekoms nie, maar by die bevestiging van die huwelik in die kerk. Calvyn het 'n duidelike onderskeid getref tussen verloofdes en eggenote, deurdat verloofdes nie saam mog gebly het nie. Desnieteenstaande, mog die verloofdes nie sommer van plan verander en nie trou nie. Hofrekords wys dat paartjies wat vryelik ingestem het in die teenwoordigheid van getuies en met die ouers se toestemming, wel moes trou. Kontrakbreuk — gevalle wat die meeste voorgekom het, was waar klaers gepoog het om die ander party so ver te kry om die ooreengekome huwelik te eerbiedig en te voltrek. Die meeste klaers het verloor omdat daar geen getuies was nie.

## Drink op huwelik

Alhoewel Calvyn gewaarsku het teen oppervlakkige huweliksbeloftes, is dit bekend dat protestantse howe paartjies al beveel het om te trou as hulle 'n heildronk op die huwelik gedrink het. In hierdie ritueel het die een wat die versoek rig, 'n drankie aangebied - partykeer wyn, maar meesal water - aan sy voornemende verloofde en gesê: "drink dit in die naam van die huwelik". In die populêre kultuur het dit beteken dat as jy die drankie aangeneem het, jy die huweliksaanbod aanvaar. Lede van die reformatoriese Konsistories het hierdie ritueel baie ernstig opgeneem. Op meer as een geleentheid het die Neuchâtel-konsistorie vroue beveel om die huwelikskontrakte na te kom wat deur 'n drankie beseël is, alhoewel hulle geen mondelige aanvaarding uitgespreek het nie.

Paartjies kon vrygestel word van verlowings slegs onder baie spesifieke omstandighede, bv. as die man mislei was om te dink sy verloofde is 'n maagd terwyl sy dit nie is nie, wanneer een van die partye die land verlaat voor die troue en as een van die twee aan 'n aansteeklike siekte ly. Calvyn het hier duidelik melaatsheid in gedagte gehad. Geen ander hervormer het siekte genoem as grond om 'n verlowing te verbreek nie. Calvyn, aan die ander kant, het gesê dat die nie-betaling van 'n bruidskat en soortgelyke sake nie genoeg is om 'n verlowing te verbreek nie.

## Bruidskat

In 'n tydperk waarin eiendom van oorweldigende belang was in die keuse van 'n huweliksmaat, het Calvyn gepoog om die heiligheid van die huwelik te verseker. Ten spyte van sy siening het meer as een man voor die Konsistorie verskyn wat nie met die verlowing wou voortgaan nie omdat sy verloofde nie die beloofde bruidskat betaal het nie. Drie keer voor 1561 het die Konsistorie en die Klein Raad bepaal dat die troues moet voortgaan ten spyte daarvan. In 1562 het 'n man die regters oortuig dat die beloftes wat hy gemaak het, voorwaardelik was. Calvyn het voorgeskryf dat huweliksooreenkomste direk gemaak moet word, sonder enige voorwaardes - 'n bepaling wat nie in vorige huwelikswette gevind is nie - en gevolglik was die man nie verplig om met die vrou te trou nie. Aan die ander kant het die Konsistorie weer die geldigheid van voorwaardes erken as dit nagekom is. Die mees algemene voorwaarde wat neergelê is ten tye van die verlowing, was dié van die ouerlike toestemming. As haar ouers dit nie erken het nie, sou die howe die huwelik nie as geldig erken nie.

**J.R. Watt**

**('n Vertaling van sy artikel "The marriage Laws Calvin Drafted for Geneva" in "Calvinus Sacrae Scripturae Professor" - red: Neuser, 1994:245-255, uitgesonderd voetnote)**

*****

# IS DIE SELGEMEENTE DIE KERKVORM VAN DIE 21STE EEU?

## Deel 1

**Prof. L. Floor**

## 'n Nuwe kerkvorm

So kort voor die eeuwisseling het 'n heeltemal nuwe kerkvorm sy verskyning gemaak: die selgemeente. Met die selgemeente word beoog om terug te keer tot die mees basiese vorm van kerkwees. In verskillende kerke in die binne- en buitelend is daar heelwat teoloë wat die selgemeente beskou as die oplossing vir baie kerklike probleme waarmee vandag geworstel word.

Ons moet die noodsaak om selgemeentes te stig sien teen die agtergrond van kritiek op die gevestigde kerke. Die bedieningspratyk - so word gesê - het in baie kerke 'n probleem geword. Daar is volgens Hendriks (1990:19-42) drie tendense wat die ontstaan van die selgemeentes noodsaaklik gemaak het:

+ Baie kerke worstel met die probleem van onbetrokke lidmate. Daar is in baie gevalle sprake van 'n vanselfsprekende lidmaatskap.

++ Die kerk het te veel 'n dominee-kerk geword. Predikante is *managers* wat 'n kerklike organisasie aan die gang moet hou.

+++ Die kerk staan vandag op die kantlyn van baie mense se lewens. Die christendom is veelsins 'n Sondag-christendom.

Kernprobleem is volgens Potgieter (1995:181) dat in die gevestigde kerke 'n gebrek aan werklike gemeenskap (koinonia) ondervind word. Met die selgemeente wil hulle terugkeer tot die mees basiese vorm van kerkwees, naamlik 'n kerk waar gemeenskap beoefen word. Wie dit waag om die noodsaaklikheid hiervan te betwyfel, verstaan nie die tyd waarin hy lewe nie. Die selgemeente is 'the once and future church', soos die titel van die boek van Loren Mead lui.

## Hoe lyk die selgemeente?

Die selgemeente is die basiese geloofsgemeenskap wat bestaan uit 'n aantal (maksimum 6) gesinne en 'n paar enkelinge. Die selgemeente kom iewers in die week

bymekaar in 'n huis van een van die lede, liefs op 'n rotasie-basis. Dit skep die indruk dat dit hier gaan om 'n huisgemeente soos ons dit vind in die Nuwe Testament. Die selgemeente wil beslis nie 'n huisgemeente wees nie. Die huisgemeente het nog te veel 'n tradisionele eredienskarakter, terwyl die selgemeente alle klem laat val op die gemeenskapskarakter. Is die selgemeente dan 'n ander woord vir 'n Bybelstudiekring? Volstrek nie. By Bybelstudie, so lees ons by Potgieter (1995:74) word te veel aandag aan Bybelfeite gegee, terwyl by die konkrete toepassing daarvan in die daaglikse lewe nie uitgekom word nie. Die selgemeente wil juis aandag gee aan die gevoelservaring van die lede.

Ons moet die selgemeente ook nie verwar met 'n diensgroep in die gemeente nie. 'n Diensgroep fokus op 'n bepaalde diens in die kerk: aan bejaardes, siekes, nuwe intrekkers, terwyl die selgmeeente alle fasette van die lewe wil betrek.

## Vertrekpunt

Die selgemeente neem die gesin as uitgangspunt. Die huisgesin word as die bousteen van die selgemeente gesien. Dit is nie iets nuuts nie. Die kerk het dit nog altyd so gesien. Hiermee kan dus niks fout gevind word nie. Op grond van die leer van die genadeverbond word gelowiges saam met hulle gesinne betrek in die geloofsgemeenskap van die selgemeente. Die bedoeling is om saam 'n lewensgemeenskap te vorm. Voorvereiste om aan 'n selgemeente te behoort, is die persoonlike geloofsverhouding met Jesus Christus. Wedergeboorte van die gesinslede is noodsaaklik om in 'n selgemeente te kan funksioneer.

## Doelstelling

Die doel van die selgemeente is om mekaar op te bou in die geloof en so geestelik te groei en toegerus te word. Om daardie doel te bereik moet die onderlinge liefdesband gebou word. Dit word gedoen deur 'n samekoms minstens een keer per week. Die lede van die selgemeente kom bymekaar rondom die Skrif onder leiding van 'n herder-leier wat na gebed om die leiding van die Heilige Gees, gekies is. Hierdie herder-leier hoef nie noodwendig 'n ouderling van die gevestigde kerk te wees nie.

Vier verhoudinge kry in die byeenkoms va die selgemeente die aandag:

+ die verhouding van mens tot mens
++ die verhouding van mens tot God
+++ die verhouding van God tot mens
++++ die verhouding van mens tot medemens.

Met betrekking tot die verhouding tot God is daar in die byeenkoms van die selgemeente geleentheid tot aanbidding deur sang en gebed. Om dit doeltreffend te laat geskied is daar uit hulle midde 'n aanbiddingsleier gekies. Ook is daar 'n gebedsleier wat moet sorg dat sake vir voorbidding aandag ontvang.

Wanneer die selgemeente byeen kom, word deur die herder-leier of een van die gesinslede 'n gesinsverklaring voorgelees waarin die karakter van die byeenkoms bevestig word: 'ons is hier bymekaar as 'n geestelike familie wat die hele week liefde teenoor mekaar uitleef. Hier by ons samekoms word ons eenheid met Jesus Christus en met mekaar sigbaar'. Daar is geen Bybelstudie, maar wel word die Skrif as uitgangspunt geneem om antwoord te kry op die vraag: Wat het die Here in hierdie Bybelgedeelte vir jou gesê oor jou lewe as gelowige? (Potgieter, 1995:75).

Daar moet veral ook aandag aan gevoelservarings gegee word. Gevoelens moet duidelik verwoord en met respek behandel word (Anderson, 1965:16). Daar word geen beswaar gemaak teen die gebruik van die sakramente in die selgemeente nie, met as argument dat in die Ou Testament ook besnydenis en pasga binne die gesinsverband bedien is.

## Die seldeling

Die selgemeente is ingestel op uitbreiding. Nuwe gesinne moet gewerf word en deel word van dieselfde geloofsgemeenskap. Wanneer die selgemeente te groot word moet daar seldeling plaasvind. Die selgemeente bespreek die vorming van twee nuwe groepe en kry eenstemmigheid daaroor.

Wel moet die nuwe groepe kontak met mekaar behou. Die verskillende groepe behoort dikwels saam te eet en saam te kom om bande te versterk. Om daardie kontak verder te bevorder is daar 'n omsienerskring bestaande uit die leier-helpers van die selgemeentes wat van mekaar afgestig het.

Die omsienerskring staan weer onder leiding van 'n omsiener. Hy kan vergelyk word met 'n ouderling in die gevestigde kerk. By verdere seldeling sal daar ook meer omsienerskringe ontstaan. Die omsieners van die verskillende omsienerskringe staan weer onder leiding van 'n leraar wat hulle oplei en instruksies gee. Jy kan nie sommer as leraar binne die selgemeente-struktuur optree nie. Die selgemeentestruktuur kan in onguns verval deurdat die beginsels nie verstaán en reg toegepas word nie. Daarom moet die leraar eers 'n spesiale leraarskliniek bywoon waarna hy as geestelike leier geakkrediteer kan word (Potgieter, 1995:61). So kom langsamerhand 'n geheel nuwe kerkstruktuur tot openbaring. Hoewel dit ontken word, is daar in die selgemeentestruktuur 'n bepaalde hiërargie: leier-helper — omsiener — leraar.

So langsamerhand kom daar tog iets van 'n kerkraad te voorskyn: die leraar (predikant) met sy herder-leiers (ouderlinge) en sy omsieners (diakens). Ook kom langsamerhand 'n nuwe kerkverband wat die ou, gevestigde kerkverband moet vervang tot openbaring: die verenigde selgemeentes.

## Twee onversoenbare modelle

Potgieter (1995:113) stel dit onomwonde dat die tradisonele kerkmodel en die selgemeentemodel nie met mekaar versoen kan word nie. Volgens hom gaan die tradisionele kerkmodel uit van die basisteorie dat die kerk 'n formele, geestelike organisasie is. Die kerkmodel stel volgens hom wel lewensgemeenskap as 'n ideaal maar nie as noodsaaklik nie. Hierdie siening op die tradisionele kerkmodel getuig nie van veel insig in wat die kerk in sy wese is nie. Noem my 'n kerk van Reformatoriese karakter wat geloofsgemeenskap met Jesus Christus nie noodsaaklik ag nie. Dat in die praktyk dikwels genoeë geneem word met 'n vanselfsprekendsgeloof en 'n formele lidmaatskap, kan nie ontken word nie. Dan is daar dringend reformasie nodig.

Potgieter roep in sy boek op tot 'n radikale keuse. Daar moet gekies word vir 'n Skriftuuurlikke kerkbegrip of - en dit is die alternatief - vir die tradisionele model om te probeer verbeter in 'n moderne samelewing wat nie meer plek het vir 'n oneffektiewe 'geestelike' organisasie nie.

Die tradisionele kerk word in wese afgeskryf. In die 21ste eeu sal so 'n kerkmodel nie meer werk nie. Wanneer deur seldeling voldoende nuwe selle ontstaan het, sal die gevestigde kerk langsamerhand verdwyn en plek maak vir 'n totaal nuwe struktuur.

## Literatuur


Anderson, Ph.A., Church Meetings that Matter. Philadelphia 1965.

Hendriks, H.J., Bediening in en deur die gemeente. 'n Prakties-teologiese basisteorie (in: Müller, J.C. (Red.), Praktiese Teologie in Suid-Afrika 5 (1) 1942).

Mead, L., The once and future church. s.j.

Potgieter, M. 'n Nuwe Bybelse Lewenswyse. Die Selgemeente, George 1995.

Tidball, D., An Introduction to the Sociology of the New Testament. Exeter 1983.

Spijker, W. van 't., Marginaal? (in: De Wekker (Red. W. van 't Spijker), Jaarg. 106, Nr. 6 Vrydag 6 Desember 1996, p.83).


* * * * *

## Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..............................................................

Adres:..............................................................

..............................................................

..............................................................

Poskode:..............................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:..............................................................

Datum:.............................. Handtekening:..............................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS